**SKRIFLESING  Deut 6:1-25**

**Tema: Jy moet die Here jou God liefhê.**

**Wat is Kraggakamma, as gemeente van die Here, se doel? Waarom is ons hier?**

God se droom vir ons is: Ons is God se fontein van liefde.

Deuteronomium 6 wys ons, in aansluiting met die gemeentevisie, kort en duidelik waarom ons hier is. Maar voor ons daarby kom, is dit belangrik om vir mekaar te herinner dat die evangelie **altyd by die Here as ons God  begin.** Saam met Moses bely ons die wonder van God. In Deut 6 lees ons 4 maal dat die Here **ons** God is, 5 maal lees ons van die Here **jou** God, 3 maal van die Here **julle** God en ook van die Here, die God van **jou** voorvaders.

In die eerste plek val die fokus op God wat by Sy volk is. Uit liefde en sorg vir Sy volk verlos Hy hulle met wonderdade uit sondeslawerny in Egipte, lei Hy hulle deur die woestyn en gee vir hulle die beloofde land as liefdesgeskenk.

Hy is die Verbondsgod wat 'n verhouding met elkeen van ons begin. Daarom staan die kruis sentraal. Die fokus val op Hom. In die huis en gemeente wat die Here liefhet, gaan dit oor God. Dit gaan oor die Vader se liefde vir my, oor Jesus Christus as my Verlosser en die Heilige Gees wat my lewe nuut maak en Sy vrug in my lewe werk.

Uit dankbaarheid vir Sy liefde, vergifnis en verlossing wil en kan ek nie anders as om my alles vir Hom te gee nie. Hy maak my 'n nuwe mens.(2 Kor 5:17) Uit dankbaarheid aanbid ek God met my hele lewe.

Uit dankbaarheid deel ek Hom nie met ander gode nie. Hy is die enigste Here. Ons lees in Deut 6:14-15 dat Hy onverdeelde trou van ons eis: [14]"Jy mag nie ander gode aanhang nie, ook nie gode van die volke in jou omgewing nie, [15]want die Here jou God eis onverdeelde trou aan Hom. Hy is by jou, en as jy ander gode aanhang, sal Sy toorn teen jou ontvlam en sal Hy jou van die aarde af wegvee."

M Luther het gesê dat dit waarvan jy die meeste maak, jou God is. Waarvan maak jy die meeste? Is God nommer een of is dit dalk jou werk, geld, ontspanning of die mense vir wie jy lief is? God sê  dat Hy die eerste en enigste wil wees. Hy deel nie Sy heerskappy met enige ander god nie.
Jesus sê self in Mark 9:40: "Wie nie téén ons is nie, is vír ons."

Uit dankbaarheid leef ek gehoorsaam aan Sy gebooie. In Deut 6:4-5 word God se doel vir ons baie duidelik gestel: [4]"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. [5]Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."

Om die Here lief te hê, is 'n kop-, hart- en hand-ding. Met my kop luister en leer ek. Sy gebooie bly in my gedagtes.

Met my hart het ek die Here lief.  Eeue lank het die Jode die woorde van Deut 6:4-5 (die Shemah, wat luister beteken) in hulle sinagoges gehoor en gereeld bely. Hulle bely dit vandag steeds meer as een maal per dag.

Maar ek kan nie net van liefde hoor en dit bely nie. Vier maal lees ons in die Skrifgedeelte dat ons so moet lewe en gehoorsaam moet wees. Drie maal lees ons dat ons die Here moet dien. Ons moet Hom ook eer en net in Sy Naam 'n eed aflê. Ek moet Sy liefde leef.

Die evangelie van liefde begin by God en vloei deur my na my kinders toe. Ons lees in Deut 6:7 “Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.” Navorsers beweer dat tot 90% van Christene tot geloof kom deur die invloed van familie en vriende, maw binne ‘n tipiese huishouding. Ek besef dat baie gesinne se samestelling en funksionering vandag anders lyk, maar ek het die volgende statistieke rondom ’n tradisionele gesin raakgeloop: Indien vader en moeder toegewyde Christene is, is die kans 93% dat hul kinders toegewyde Christene sal wees. Indien net moeder ’n Christen is, is die kans 17% dat kinders Christene sal wees en indien geen ouer ’n Christen is nie, daal die kans tot 3%.

Indien ouers betrokke lidmate is, is die kans 80% dat kinders betrokke lidmate sal wees. Indien net pa ’n betrokke lidmaat is, is die kans 70%, indien net ma ’n betrokke lidmaat is, 30% en indien ouers hulle kinders by kategese aflaai is die kans 10% dat kinders sal betrokke wees. Ons praat baie oor kinders wat na belydenisaflegging wegraak. Daar is altyd uitsonderings, maar in die meeste gevalle begin die probleem by ouers wat nooit in die erediens was of betrokke was nie.

In Deut 6:8 sien ons dat die evangelie in elke persoon se persoonlike lewe sigbaar moet wees: “Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande en dit moet 'n merk op jou voorkop wees.”
Die Jode het Deut 6:4-5 op perkamentrolletjies geskryf en in leerhouertjies om hul voorkop en op hul linkerhand gebind. Dit is ook by die kosyne van deure en stadspoorte geplaas. Maar vers 8 gaan oor meer. Daar staan dat ons die Here moet dien in die manier waarop ons met ons hande werk en in die manier waarop ons dink.

Ons sien in die laaste plek dat liefde vir die Here nie net ’n persoonlike saak is nie. Ek kan dit ook nie net bely nie. Dit moet in my openbare lewe sigbaar word. In Deut 6:9 lees ons: “Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.” In my huis, by my werk en in die stad moet ons die liefde van die Here uitleef.

Indien ek die Here as die enigste Here so aanbid en Hom onvoorwaardelik liefhet, sal Hy my seën met ‘n vol lewe en met ’n lewe wat uitloop op die ewige lewe.
**Amen**